Dalene Matthee terug met nuwe verrassings

Deur Barrie Hough

Dalene Matthee, die skrywer wat naam gemaak het met haar “bosboeke” waaronder Fiela se kind, is terug ná 'n lang stilswye. Haar nuwe boek, Pieternella van die Kaap, is by die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees bekend gestel en was 'n blitsverkoper. BARRIE HOUGH het op Oudtshoorn met haar gesels. Dit was miskien nie 'n goeie idee om Dalene Matthee te ontmoet by die restaurant voor Die Boekeparadys waar haar roman bekend gestel is nie. Mense val ons in die rede om boeke geteken te kry, vra haar uit oor die fairies waaraan sy glo, gesels met haar oor kruie, waarvan sy baie weet, en groet haar net sommer omdat sy famous is en hulle wil sê hulle het haar ontmoet. In haar blou rok met die kolletjies hou sy soos wafferse koningin hof. Elke “onderdaan” kry 'n reaksie, 'n glimlag of word aan gevat. Maar deurentyd bly sy rustig en hoflik. Die steurings word deel van die gesprek, verraai iets meer van die mens en skrywer. 'n Mens-mens. Dis seker waarom sy so gelees word.

“Ek het dekades gelede al gehoor van Eva-Krotoa. Maar niemand kon haar ooit raakvat nie. Ek het my telkens teen dieselfde muur vasgeloop,” vertel Matthee. “Ek het gevoel daar was binne die magtige handelsmaatskappy van die VOC 'n komplot om Eva bloot 'n tolk van slawe en base te hou. As ek hoor, dan is daar weer 'n nuwe boek en dan gaan kyk ek. Niks nuuts nie. Toe kom Dan Sleigh se boek Die buiteposte. Ek hoor 'n klok en besef: soek eers haar en die Deense chirurg Van Meerhoff se dogter, Pieternella. Dáár gaan jy vir Eva kry. Daar het bevryding vir my as skrywer met hierdie heerlike besef gekom.”

Matthee vertel dat die beskawing die regte mense van die Hottentot-stam, die Goringhaikona, kom wegvat het. Die Hollandse idee van beskawing was hul ondergang. “Ek weet, want soms as ek moeg gewerk is, het ek in my verbeelding by dié Hottentotte gaan kuier. As ek my oë toemaak in die hitte, het ek in my gemoed 'n koel en rustige plek tussen hulle gaan kry. Soms het ek saans in my hart vir Eva-Krotoa geween. Soos wat 'n film ontwikkel wanneer hy aan lig blootgestel word, so het Eva, onder meer deur Pieternella se storie, vir my al hoe helderder begin word.”

Matthee kry dit altyd reg om my te verras met elke nuwe onderhoud. Dit gebeur weer. “Ek is 'n dom romanskrywer,” sê sy. “Ja. Ek moet eers die feite hê. Hulle is my bakstene. Die bou is vir my die moeisame deel van die proses. Maar hel, kan ek vir jou pleister! Dis nou waar my gawe lê.

“En pleister is nie sommer so 'n job nie. Dit kos intuïsie. Dit kos voel. Dis hoe ek Pieternella loop kry het. Ek voel haar. Ek voel haar as rou veertienjarige meisie wat gaan trou. Sy leer voetjie vir voetjie leef. Die ontdekking van haar Mauritius-dagboek was 'n groot hulp.”

'n Skrywer kan nie sonder tekstuur, sintuiglike waarneming en intieme besonderhede skep nie. Ook nie sonder 'n eie geskiedenis nie. “My ouma het my geleer om te leef,” vertel Matthee. “Sy het nooit kos geëet waarop die son geskyn het nie.” Matthee loer vir die kos wat op die tafel voor haar in die son staan, en pik daaraan. Daar is diegene wat sê dat wit mense nie oor die kleurgrens kan of behoort te skryf nie. Hoe voel Matthee daaroor? “Ek stem met hulle saam en as hulle nie nou van my 'n honorary Kleurling maak nie, word ek sommer boos. Die hele kultuur is in my bloed. Voor apartheid was daar nie hierdie grense nie. My ouma het 'n bruin kind grootgemaak en ek was groot voor ek geweet het dis nie my ouma se kind nie.

“En ja, daar is meer as jou geskiedenis lees en voel. In Den Haag by die Skeepsvaartmuseum het ek navorsing gaan doen, gaan kyk na al die instrumente wat in die VOC se diens gebruik is.

“Daar is 'n volledige replika van 'n antieke skip. Ek het ook die chirurgekamer gaan beleef soos dit toe was. En in Amsterdam was ek by die Rijksmuseum. Deur die VOC se kamers vol skatte. Ek is so bly oor elke oomblik wat ek daar beleef het, want elke oomblik het ek iets nuuts geleer. Jou vel is dun as jy in die proses van skryf is.

“Ek voel soos wat ek skryf. Deur alles heen voel ek die Hottentotte se pyn en ek is kwaad. Ek huil nie, maar ek is kwaad. Soos wat Pieternella kwaad was. En dan kom die versoeking om anderkant jou voel dinge by te voeg, maar jy weet jy kan nie 'n jota of tittel byvoeg nie. En al het ek die boek geskryf, is dit nog nie uit my uit nie. Dit sal maar seker altyd daar wees, soos 'n herinnering, 'n skim van iets wat ek self geleef het.'

BRON: Rapport 16 April 2000